

7 Desember

1 Konings 3:2-15

Wysheid en insig - keuse van 'n Koning

In Jerusalem heers daar afwagting en groot opgewondenheid.

Die onderdrukte opstand van Dawid se seun Absalom en die pogings van Adonia om in Dawid sy plek te regeer lê in die verlede.

Wat hou die toekoms in vir die jong koning en die glorieryk van Dawid?

Salomo het drastiese maatreëls getref: Hy voer sy vader Dawid se opdragte uit. Sy broer Adonia sterf aan die hand van Benaja; die priester Abjatar verban hy na Anatot; die veldgeneraal Joab ontvang die doodstraf en Simeï wat sy vader gevloek het, word onder huisarres geplaas.

Die koning dien die HERE en bring op die hoogte te Gibeon duisend brandoffers. Toe die HERE hom vra: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou gee?" antwoord hy "Ek is nog jonk en onervare ... Gee my die gehoorsaamheid aan U dat ek u volk reg sal regeer en in alles insig sal hê, want wie kan uit homself hierdie groot volk van U regeer!"

Dit was goed in die oë van die HERE. "Omdat dit jou versoek is en jy nie vir jou 'n lang lewe, of rykdom, of die dood van jou vyande gevra het nie, maar insig in wat reg is, sal Ek aan jou versoek voldoen. Ek gee aan jou wysheid en insig soos niemand vóór jou gehad het of na jou sal hê nie".

Kom ons doen as mede-erfgename van Jesus Christus dit wat Jakobus ons voorhou: "As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf" (Jak 1:5).

Sing: Psalm 72:1

Ds. F.J. du T. Lessing (Nelspruit)